# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

## STUDIEBEURS-GELEENTHEDE 2020

**Bergrivier Munisipaliteit is verbind tot vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vir die breër gemeenskap van die Bergrivier munisipale gebied. Die munisipaliteit bied die geleentheid aan Suid-Afrikaanse burgers, wat permanent woonagtig is in die Bergrivier munisipale gebied, tot tersiêre opleiding en het die Raad fondse in sy 2019/2020 begroting bewillig vir die beskikbaarstelling van studiebeurse.**

**KRITERIA VIR KEURING IS SOOS VOLG:**

- Keuring van 'n suksesvolle kandidaat sal op grond van akademiese meriete en inkomste van beide ouers geskied, met spesifieke fokus op behoeftige families;
- Applikant moet by 'n geakkrediteerde tersiêre instansie in Suid-Afrika studeer;
- Dit is die verantwoordelikheid van die applikant om toelating van die tersiêre instansie te verkry en bewys te kan lewer daarvan;
- Beurse van suksesvolle kandidate sal direk aan die tersiêre instansie betaal word.

**DIE BEURS KAN AANGEWEND WORD VIR:**

- Klasgelde; en/of
- Registrasiefooie; en/of
- Akkommodasie.

**DIE VOLGENDE DOKUMENTASIE MOET U AANSOEK VERGESEL:**

- Voorgeskrewe beursaansoekvorm, beskikbaar op die munisipale webtuiste (www.bergmun.org.za) of by die Menslike Hulpbrondienste Departement te Piketberg of by die munisipale ontvangskantoor van elke dorp;
- Motiveringsbrief van 150 woorde om u aansoek te ondersteun;
- Volledige curriculum vitae van applikant;
- Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers se inkomste;
- Gesertifiseerde afskrif van Graad 12 of mees onlangse tersiêre uitslae;
- Gesertifiseerde afskrif van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument;
- Bewys van registrasie by tersiêre instansie; en
- Bewys van permanente woonadres binne Bergrivier munisipale gebied.

**Volledige aansoeke moet per hand ingehandig word by die verskeie munisipale kantore (Piketberg, Porterville, Velddrif, Eendekuil, Aurora, Redelinghuys, Goedverwacht), vir aandag Mnr. JWA Kotzee (Direkteur: Korporatiewe Dienste), om hom te bereik nie later nie as die sluitingsdatum. Navrae kan gerig word aan Mnr. D Boumeester by tel. nr. 022 913 6055 of baumeesterd@bergmun.org.za**

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE AANSOEKE SAL AANVAAR WORD NIE**

**SLUITINGSDATUM VIR ALLE AANSOEKE: VRYDAG 01 NOVEMBER 2019 OM 15:30**